# HOËRSKOOL OVERBERG HIGH SCHOOL

Brief aan die ouers / *Letter to the parents*

13 Augustus / *August* 2021

Geagte Ouers / *Dear Parents*

*I am reminded of an old basketball metaphor when I reflect on where my personal place is in the state of the world over the last three weeks.*

***"One day, the ball will stop bouncing. It could be today, tomorrow, or a long way down the road, but eventually, the ball stops bouncing."***

Dit is met 'n ongelooflike swaar hart dat ek vandag moet aankondig dat die bal vir wintersportsoorte dié week opgehou bons het. Hierdie besluit is nie ligtelik geneem nie. Die leierspan, in oorleg met die afrigters, skoolbeheerliggaam en skole in die omgewing, het die moeilike besluit geneem vir die veiligheid van die leerders, opvoeders en die hele skoolgemeenskap. Daar is ook na ons skool se eie, asook na die Wes-Kaap COVID-statistieke gekyk. Neem ook in ag dat die graad 12-voorbereidingseksamen vroeg in September 'n aanvang neem en nog positiewe graad 12-leerders kan fataal wees.

*The decision has been made, but it certainly does not make it an easier pill to swallow for the sportsmen and sportswomen of the school. For some of you, this was your last chance to put your skills on display for Overberg High School. This is what you must try to remember. Your dedication to your sport drove you to where you stand today. These are the kinds of things which shape you into a better person. This level of work ethic, dedication and passion will help you in the future. Then, there are those who knew this season was their last. My heart goes out for you. However, it was not for nothing. Deep, long-lasting relationships were created between teammates. Together you saw things you never thought you would see. You pushed your body and your mind to the limit. You never gave up and for that, you should be proud of yourself. Now you are able to share the things you have learned from your coaches, from your teammates and yourself.*

Vir 'n paar leerders wat gekwalifiseer het vir die volgende rondte Boland-proewe, het die bal nog nie ophou bons nie. Die leerders mag, met toestemming van hul ouers, voortgaan met die proewe. Geen leerder sal verplig word om daaraan deel te neem nie. Die leerders se afrigters sal met hulle reël vir vaardigheidsafrigting.

In kwartaal 2 was daar 7 opvoeders in isolasie en een opvoeder het positief getoets. In dieselfde tydperk was daar 32 leerders in isolasie en 3 leerders het positief getoets.

HS Overberg se afwesigheid en COVID-statistieke vir die laaste 3 weke lyk as volg:

- drie opvoeders het positief getoets waarvan twee reeds terug by die skool is; en
- 8 leerders het positief getoets.

- Afwesigheidpersentasie per graad vir kwartaal 3 sover in vergelyking met kwartaal 2 in hakies:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| graad 8 | 2,33 % | (1,2%) | graad 9 | 7,65 % | (1,7%) |
| graad 10 | 4,24 % | (4,1%) | graad 11 | 5.85 % | (2,3%) |
| graad 12 | 4,30 % | (1,2%) | | | |

Die grootste faktor tot die verhoogde afwesigheid is leerders wat isoleer a.g.v. kontak met positiewe persone. Dit is in ooreenstemming met die skole van die streek en die Wes-Kaap. Ons monitor die situasie baie goed en daarom moes ons die drastiese besluit neem.

*So to all those continuing their pursuit of excellence at home, when you play catch with your friends and family, go for a run around the neighborhood or kick a soccer ball against the wall. Most of all, know that sport will go on somehow, somewhere in the future and sport will survive. The ball will keep bouncing. There is nothing the Coronavirus can do to change that.*

Hoërskool Overberg gaan voort om die situasie daagliks te monitor en sal enige besluite en verwikkelinge met u deel. Vir enige verdere navrae, moenie huiwer om my te kontak nie.

**AD ALTIORA ALTYD HOËR**

Johan Jacobs
Skoolhoof